STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za nav-rae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

19 NOVEMBER 2017

GEMEENTEBULLETIN

REFORMEREND VORENTOE

OGGENDDIENS

Gewoon en buiten-gewoon

Heb. 1:1-9

GESINSDIENS

Waarom myself 'n Christen noem?

1 Tes 1:4-10

JEUGDIENS

Hoor God se stem

Johannes 10:27-30

DEUROFFER

Christelike Polisievereniging

EREDIENSTE

			19 November		26 November	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Visagie	3/4	Ds. Duvenhage	5
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Philipp Dietmann	-
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Breytenbach	6/9	Prop. vd W'huizen	8
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Kotze	-	Ds. Kotze	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Duvenhage	11	Philipp Dietmann	12

ONS WIL DANKIE SÊ

Ons nooi al ons getroue helpers - bulletinvouers, kospakkers, koskokers van die Omgeekombuis, lede van die breigroep, geldtellers en blommerang-skikkers na 'n oggendtee op Vrydag 1 Desember om 11:00 in die Markplein.

BEROEPING VAN 'N NUWE LERAAR

Dit is vir ons aangenaam om bekend te maak dat ds. Fay van Eeden van Lynnwood-gemeente, Pretoria beroep is as ons gemeente se nuwe leraar. Sy is getroud met Peet. Daar is tans 'n twee weke approbasietydperk waarna die kandidaat die beroep sal aanvaar of van die hand sal wys. Ons vra voorbidding vir Fye en Peet gedurende dié twee weke.

GEMEENTEBRAAI 1 DESEMBER

Ons nooi alle lidmate om op Vrydag 1 Desember die informele kuiergeleentheid in die Markplein by te woon. Bring jou eie vleis, drink-goed, borde en eetgerei. Kole is vanaf 19:00 gereed.

VERKIES TOT OUDERLING

Blanco Barnard, Hanepootsingel 16, is verkies as ouderling.

JEUGDAGBOEK

- SENIOR KATEGESE EN JEUGDIENS - Jeugdiens begin 18:00 vanaand in Kleinsaal, met die kleingroepe wat daarop volg.
- SENIOR KLEINGROEPLEIERS kom Sondag 17:30 bymekaar.
- GRAAD 6 OUER EN KINDTOERUSTING om 09:00 in die grootsaal.
- GRAAD 7'S julle is welkom om die jeugdiens by te woon.
- JUNIOR KATEGESE - graad 1 tot 6 kom in die kleinsaal bymekaar. Ons tema vanoggend - Liefde: waag en wen!
- KLEINGROEPE vir jong volwassenes kom op Woensdae en Donderdae bymekaar. Kontak Peter by 073 262 3848 indien jy wil inskakel.
- ALIVE vir studente: elke Sondag om 17:00 tot 18:00, kapel.
- DELFT-uitreik: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.
- JEUG APP: Gaan na *Google Play* of *Apple Store* en soek "Stellenberg". *Download* en geniet!
- GRAAD 8-KAMP 12 tot 14 Jan. Leiers skryf asb. so vining moontlik in, plek is beperk. Skryf op die jeug app in of by www.stellenberg.co.za

VATVYF KERSETE

Vat Vyf Kersete: Kom geniet 'n heerlike kuier, met Kersgedigte en 'n stylvolle driegang Kersete op Woensdag 22 November om 12:00 in die Kleinsaal. Reik uit na iemand anders deur 'n afgetrede persoon saam te nooi. Besprekings @ R60 per persoon by Karin by 021 976 4519 voor Maandag 20 November om 14:00.

BORG-'N-BERSIE

Die jeugbediening beoog om volgende jaar 3000 kombersies tydens die uitreike uit te deel. Borg 'n bersie deur die SnapScan-kode wat op die projek se plakkate is met jou selfoon te skandeer en jou bydrae so oor te betaal.

KATEGESE LOKALE

Gr 1	Kleinsaal
Gr 2 &3	Grootsaal
Gr 4,5 &6	Kerk
Gr 7	Jeuglokaal
Gr 8	Grootsaal
Gr 9	Jeuglokaal
Gr 10	Kerk
Gr 11	Kleinsaal

KANTOORURE VIR FINANSIëLE KANTOOR

Maandae 11:00 tot 13:00 en ander weeksdae 09:00 tot 13:00.

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

TIENDEMAANDINSAMELING

Gedurende November gee ons in die gees van die Bybelse "Tiende van die oes aan die Here" 'n spesiale dankoffer aan die Here. Ons gee ook in die gees van DANKBAARHEID omdat ons glo dat alles wat ons het aan die Here behoort.

As teken van ons **besorgdheid oor die aarde** bring jy jou tiendemaandbydrae (die kontant of bewys van betaling) simbolies in 'n houer, koevert, of sakkie wat jy uit herwinbare materiaal gemaak het. Plaas jou telefoonnommer bo-op want daar is twee pryse op die spel (restaurant-etes ter waarde van R500) vir die mees kreatiewe skepping. Handig jou bydrae by eredienste in, of gee by die kerkkantoor af.

Vir elektroniese bestalings:

ABSA, NG Kerk Stellenberg, Tjek-rekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik Tiendemaand as verwysing.

Jy kan die SnapScan-kode ook gebruik.

Die inkomste vir die boekjaar 2016/17 is soos volg:



Maandelikse dankoffers

NOVEMBER: MAAND VAN DANKBAARHEID

Ons wil lidmate geleentheid gee om op 'n tasbare wyse 'n bydrae te lewer deur netjiese, bruikbare huisraad aan 'n minderbevoorregte persoon / gesin te skenk. Gee bydraes vanaf November by die kerkkantoor af. Indien jy 'n verdienstelike persoon of gesin ken wat 'n spesifieke huisraad item benodig, stuur 'n epos aan navrae@stellenberg.co.za

EDELWEISS BYBELSTUDIE

23 Nov 15:00 en 15:45 – Job werk ook vir vandag no. 3 uit Job 4 en 5 - Wat jy saai sál jy maai?

Nagmaal

19 November 17:30
Lukas 19: 1–9
Saggeüs . . . die man wat (eers) te kort was.

BREIGROEP AFSLUITING

Die lede van die Breigroep gaan saam ontbyt eet op 4 Desember. Navrae Ria 083 519 0602.

KLEINGROEPE

Indien jy belangstel om by 'n kleingroep (gesinsgroep, gebedsgroep, groep vir afgetredenes / jongmense) in die gemeente in te skakel, stuur 'n e-pos aan

navrae@stellenberg.co.za

SNAPSCAN KODE

HELP ASSEBLIEF

- **Bulletinvouers:** Indien jy in 2018 een Vrydagoggend per maand beskikbaar sal wees om vir ongeveer 90 minute behulpsaam te wees met die vou van bulletins, meld asseblief aan by Sanèl 021 976 4519 / sanel@stellenberg.co.za
- **Blommerangskikkers:** Lidmate wat 'n aanleg vir die estetiese het en bereid is om kwartaalliks verantwoordelikheid vir die blomme in die kerk te aanvaar, kontak asb. vir Odette by odette@stellenberg.co.za
- **Helpers by die kafeteria:** Indien jy bereid is om een / twee keer per kwartaal vanaf 09:00 tot 11:00 op 'n Sondagoggend 'n diensbeurt by die kafeteria te neem, kontak asb. vir Sanel by sanel@stellenberg.co.za (Jy hoef nie skottelgoed te was nie).
- **Eredienswerkers:** Ons kort dringend eredienswerkers by al die erediente. Eredienswerkers heet kerkgangers welkom en deel bulletins uit. Daarna kan jy self die erediens bywoon. Diensbeurte is gemiddeld een keer per maand. Indien jy hulp kan aanbied, kontak Odette by odette@stellenberg.co.za

SKENKINGS VIR KERSETES

- **Kerspakkies vir Ruyterwacht** - bydraes van Toppers koekies en malvalekkers (150g) word dringend benodig. Gee asb. by die kerkkantoor af.
- **Bydraes vir Klipheuwel se Kersete** wat op Kersdag aangebied word, word benodig. Kontak Schalk Burger 079 577 8268 indien jy hulp wil aanbied.

VAKANTE POS STELLENBERG-GEMEENTE

Bestuurder Administrasie: Die geskikte kandidaat moet bewese bestuurservaring hê en sal verantwoordelik wees vir personeel en ander administratiewe bestuur van die gemeente. Kontakpersoon Marguerite Bester 021 976 4519 of stellenberg@stellenberg.co.za CV's na genoemde epos adres. Sluitingsdatum 28 Nov 2017 met diensaanvaarding 15 Jan 2018.

GEBEDSGROEP

Ons nooi alle lidmate om in te skakel by ons informele gebedsbyeenkoms elke Dinsdagaand om 19:00 in die kapel. As jy by die WhatsApp-gebedsgroep wil aansluit, stuur asb. jou nommer en naam na 082 877 9773 (Retha). Gebedsversoeke kan ook via die webwerf www.stellenberg.co.za/gebedsgroep aan die groep gestuur word.

Daar is ook elke Maandag om 09:15 (gedurende skoolkwartale) 'n Vrouebiduur in die gebedskamer.

Almal is welkom.

ALTA DU TOIT BASAAR

25 November

09:00 tot 12:30

Met 'n hanswors, kulkunstenaar en heerlike eetgoed.

By die Nasorgsentrum,

Lincolnstraat 80,

Bellville